## Watter gesindheid verlang Jesus van Sy volgelinge?

God die Vader het Sy Seun in die wereld gestuur om die volmaakte bloedoffer ter vergiffenis van sonde, maar ook tot VERLOSSING van sonde, te bring. Jesus(Yeshua) het dan dit wat God vereis het tot redding van die mensdom, in Sy eie liggaam en menswees aan God, Sy Vader, opgeoffer. Hy het dan ook `n totale oorgawe aan God gemaak en toe Hy inderdaad die skande (!) van `n kruisdood verag het (Paulus) want Hy het natuurlik geweet dat net hierdie tipe openbare bloedoffer sou die gevalle mens uit die mag van satan kon bevry (Hand. 10; Heb. 5, 7, 10; Jn 3.16). Net dit en dit alleenlik!

As ons tot vandag toe die kruis van Jesus voor ons geestesoog sou oproep, SAL ons wel tot die besef kom van wat dit Jesus gekos het om ons tot verlossing te kon bring! Hoe om self van die ou Adamsnatuur ontslae te kan raak deur die Kruis.

### Die wat van Christus praat en teenoor die wereld getuig, moet dan terwille van Christus en sy saak VERDRA!

Sou ons nalaat om dit te doen, moet ons liewer swyg as om Christus tot skande in die oe van die wereld te bring! En hierdie tipe boodskap het baie afvallige leraars, en veral die vroegste valse leraars, VERLOOR! Deur hulle onverdraagsaamheid was twis in die Liggaam van Jesus ingewerk wat tot vandag toe veral aan Godheidbelydenisse gekoppel kan word. Om hierdie rede borduur satan nogsteeds voort op dit wat hy voorgeskryf het in die verre verskiet en toe hy daarin geslaag het om die boodskap van Jesus in `n bokskryt te omskep!

### Daardie dienskneg van Jesus wat dan deur die Gees van God gelei word SAL weet hoe om op te tree, dit is altyd staande in die goddelike liefde.

`n VERLOSTE kind van God sal strewe na die inwoning van God se Gees en veral die doping met die Heilige Gees want dit is nou maar eenmaal so dat AS ons die doping met die Heilige Gees deelagtig geword het sal onrein geeste wat ons bind vanuit ons voorgeslagte (=die sondes van die vaders wat via ons bloudruk aan ons oorgelewer was) ons verlaat! Ons SAL inderdaad `n nuwe skepsel in Christus word (Rom. 12).

Ons sal veral vernuwing van denke deelagtig word. Ou besoedelde denkpatrone sal verdwyn. Ons sal net weet hoe om God te behaag en om van `n opgeblase gees (om meer van onsself te dink as wat nodig is) ontslae te raak. Ons sal nie `n skandvlek vir die kruis van Jesus wil wees nie! Ons sal ons wilsbesluite aan God se groter besluitneming onderwerp omrede Christus alles vir almal geword het (Fil. 2).

Ons sal dan in staat wees om te kan onderskei, as ons waarlik Geesvervuld wandel, dit is wat God behaag teenoor ons eie, selfgedrewe belangrikheid en om dan nie selfgeldend, net om ons eie saak ten alle koste te wil dryf - hoe subtiel ons dit ookal sou aanwend - op te tree nie. Paulus verklaar dat diegene wat deur die Gees van God gelei word inderdaad kinders van God IS!
Om met Christus se Krag toegerus te wees, is dan wel `n vereiste vir diegene wat God in Gees en Waarheid wil soek

### Die toerus met God se Gees

Die ontvangs van die Heilige Gees is  inderdaad `n strewe wat ELKE gelowige, elke ware volgeling van Jesus, sal MOET najaag want hierdie goddellike manifestasie wat ons dan in ons lewens moet smaak, is inderdaad die onderbou van die Nuwe Verbondbelofte (Hand. 2, en veral verwysend na Joel se profesie oor die vervulling van God se belofte, dit is met betrekking tot die toerus met God se Krag uit die hoogte (Hand 2).

En hierdie goddelike manifestasie van Bo gaan natuurlik ALTYD deur die Kruis want as ons hierdie pad wil inslaan, dit is van ware BEKERING en WEDERGEBOORTE, sal ons nie ons doel verydel nie. Ons sal die Saligheid dan in en deur  die Kruis van Jesus Christus  “raakvat”!

**Die wereld wat Christus wil behaag (die groot konglomeraat van "Christendom) moet terugkom na die Bovertrek**

Waarom?  Omrede die Bovertrekervaring net deur die Kruis gaan!  Wat daar plaasgevind het was dan ook die BEWYS van God se liefdesgeskenk (Christus) aan die mensdom en die ontvangs van die Heilige Gees is natuurlik daardie gawe wat die afvalliges, veral daardie tipe wat wou preek en verkondig, later verwerp het (Hand 1 en 2; Joh. 14 en 15). Dit is duidelik die rede waarom `n woordegodsdiens, gedryf deur `n getwis en gekyf oor veral die bestaan van God, toe so stewig in plek geval het.

**Kennis moet veral met God se Geesleiding gepaard gaan**

Daar is dan kennis wat van God kom en wat veral aan ware bloedgewastes verkondig moet word, maar daar is ook `n tipe kennis wat dikwels net roteer op hierdie afvallige gees van redetwis soos in die gees van die wêreld. Paulus verklaar dat kennis nie vir almal is nie! Ons het dan waarlik God se Geesleiding nodig hoe om kennis oor God en van God uit te deel. En om hierdie rede moet ons kennisoordrag in die Gees en gesindheid van Jesus doen.

**God het ons dan nie geroep om tydig en ontydig kennis te dryf asof dit ons enigste waarheid is nie.**

Hierdie tipe Griekse redetwis (gebaseer op die retoriek) het die Liggaam van Jesus binnegedring en dit is dan ook die rede waarom die kragtige werking van die Heilige Gees, ook die ware bekeringsboodskap (die kruisboodskap) uit die samekomste van die gelowiges gedryf was. En wat het toe oorgebly? Net `n leë dop sonder enige werklike Geeskrag. Dit behoort vir ons `n anduiding te wees dat God meer van ons verlang as blote oordrag van dogma en veral fikserend op Godheidbelydenis. Waarom? Omrede daar nooit eenstemmigheid oor Godheidverklarings sal wees nie!

Satan was meester op hierdie gebied en hy het  dan ook daarin geslaag om die Liggaam van Jesus te verdeel, ook met kennis vanuit die wereld en om hierdie rede behoort elkeen wat geroepe voel om kennis aangaande God en sy saak oor te dra (almal wie wil op te tree as leraars) eerstens self waaragtige bekering, wedergeboorte en Geesvervulling te ondergaan. Slegs hierdie tipe "behoort aan Christus" sal die vrugte van die Gees wat ALTYD in volgelinge van Jesus se lewens moet wees, dan deur ons optrede kan manifesteer.

**Tensy ons dan terugkeer na die goddellike LIEFDE en dit BEOEFEN, sal ons nie deel van die**

**Bruid van Christus ooit kan wees nie.**

Ons moet dan bloedgewastes wees en dan SAL ons weereens die vrugte van die Gees, die bekeringsvrugte, DRA en nie net `n pratende masjien vir Jesus wees nie, optrede wat dikwels gedrewe is deur hoogmoed en `n eiesinnige eiewysheid wat baie duidelik op opgeblasenheid dui (1 Kor. 13).Daardie een wat dan dien of wil dien, is dan inderdaad groter as daardie een wat ten alle koste wil heers. Laasgenoemde is inderdaad die gees van Nikolaas wat aangespreek word in Johannes se sewe gemeentelike briewe (Die Openbaring van Johannes).

## Die “voete-van-Jesus-kerk”

Omrede die bekeringsboodskap weer moet terugkom, dit is deur die Krag van die Kruis (=die Heilige Gees-gedrewe boodskap), sal diegene wie God nog in Gees en Waarheid onder die groot konglomeraat van "Christendom" wil soek, met mag en mening moet vergader, maar nie in kerke of noodwendig in kerkgeboue nie, maar aan die voete van Jesus!

Daar is geen, geen ander boodskap vir hierdie tyd nie, dit is as hierdie een: Bring die kruisboodskap terug sodat dit weereens die middelpunt van gemeentelike verrigtinge sal wees …...................

## Jesus kom as Lig

Jesus het as Lig van die wereld die donker mag van satan oor die mens verbreek en daar is dan geen ander boodskap ooit vir die mens gegee as daardie een wat Paulus vir ons gebring het nie, naamlik die gekruisigde Jesus (hy het sy standpunt baie duidelik aan die Korinthiers gestel) en dat Hy dan eintlik in die wereld gekom het om sondaars tot bekering te roep (1 Tim. 1.15).

## Die gevalle mens sou dan net tot VOLKOME verlossing kon kom, deur die Kruis van Christus!

Omrede almal wat wou lei en onderrig en aan wie die evangelie veral gebring was om, soos Petrus, die skape te kon lei, het die fokuspunt vanaf BEKERING en WEDERGEBOORTE sommer kort na die vertrek van die apostels van Jesus verskuif na een van organisasie en vereniging rondom redetwis oor dogma en leerstel wat kerklike standpunte ten alle koste in plek moes hou.

Net soos wat Jesus se uitverkore vat, Paulus van Tarsus, gewaarsku het teen die totstandkoming van kerklike instellings (= roterend op streng formalisme), het `n korps van vleeslikgesinde leierskap toe ontspring - weereens kort na die vertrek van veral die hoofapostels - met die gevolg dat die virus van redetwis toe in plek geval het (2 Thes. 2; 1 Jn 4; 1 Jn 2; 1 Tim. 4; 2 Tim. 4

## Redetwis is die teken van afvallige godsdiens

Redetwis het toe so deel geword van die Liggaam van Christus dat dit net nooit weer uit die Liggaam verdwyn het nie. Valse godsdiens en valse leerstel, dit wat nie strook met die gesonde leer van die apostels van Jesus nie, het die boodskap waarvoor Jesus so smartlik aan die kruis gely het - om dit in die harte van verlostes te kweek - toe ontwrig met die gevolg dat twis en redetwis tot vandag toe nog net so stewig in die saal sit soos wat dit was in die dae van die vroegste post-apostoliese Kerk.

## Die goddellike vrug van die Gees verlaat die Liggaam van Jesus

En so het die liefde toe verdwyn - dit wat `n ware dissipel van Jesus onderskei van daardie boodskapdraer wat dit dan nie het nie (=die noodsaaklike vrug van `n heilige lewenswandel met God. In plek van die goddellike liefde wat nie roteer op woorde en veral redetwis nie, het toe dogmatiese gekyf en getwis oor veral Godheidperspektiewe verskyn.

Alhoewel almal `n reg het op die Woord, dit is om dit te bring volgens persoonlike oortuiging en sienswyse, behoort enige bloedgewaste kind van God ook te kan besef dat daar altyd, in die liefde van Jesus, ook plek ingeruim moet word vir verdraagsaamheid. En wat verdraagsaamheid kortwiek is veral `n opgeblase gees van selfbelangrikheid.

### Die onverloste mens teenoor daardie mens wie se lewenswandel deur die Kruis van Jesus gaan

Selfliefde staan altyd lynreg teenoor die goddelike liefde wat ten eerste tot uiting kom in (1) `n liefde vir Jesus en dan, voortvloeiend uit hierdie tipe verbintenis aan God, (2) altruisme wat saamgevat kan word in goddelike liefde vir jou medemens. Dit is om dan in staat te kan wees om, terwille van Christus en Sy saak, alles te kan verdra.

Hierdie tipe opofferende liefde sal dan noodwendig uitkring tot dade van geregtigheid en heiligheid (die onderbou van die Ou en die Nuwe Testamentiese geskrifte). Dade van geregtigheid is om in die regte verhouding tot God te staan en dit begin eerstens by Jesus se woorde aan Sy apostels - toe Hy hulle voete gewas het - naamlik om mekaar te DIEN.

Dade van heiligheid spreek weer van `n afsydigheid teenoor die gees van die wereld wat dan `n ware volgeling van Jesus, diegene wat Christus aangeneem het as Verlosser en Saligmaker, se verhouding met God en sy medemens sal omlyn, Iemand wat dan die "heilige" lewe bewandel hier op aarde, sal in kontak met God en Sy voorskrifte bly terwyl hy in hierdie wereld die Woord van God teenoor sy naaste verwerklik - terwyl hy doen wat Paulus verklaar, naamlik om `n oop brief aan die wereld te wees. Ons kan ook alleenlik `n oop brief vir Christus en sy saak wees AS ons die vrugte van die Gees dra. Dit is dan die vrugte van bekering wat Jesus so duidelik aan Sy volgelinge voorhou in Jn 15.

Tensy ons dan die vrug van die bekering DRA en wat saamgevat word in die goddelike liefde wat die band van volmaaktheid is, kan ons nie optree as God se arbeider nie. Net soos wat `n slaaf sy heer DIEN, en in alles aan hom gehoorsaam sal wees, dit is in onderwerping van gees, so sal ons dan Christus se slawe wees om in elke opsig Sy vrugte te dra in die oë van die wereld.

### En dit is die Pad van Verlossing wat die skape en die bokke van mekaar skei

Dit is ook die weg wat die ware dissipel van Jesus van die valse een sal onderskei. Dit wat dan bekend staan as die "Koninkryk van Jesus", dit is hier op aarde waar ons die stryd teen satan se koninkryk voer, sal dan inderwaarheid bestaan uit `n onsigbare korps van ware verlostes, dit is teenoor die breë, sigbare afvallige kerkdom wat in werklikheid nie erg het aan Christus en Sy Waarheid nie alhoewel hierdie tipe ook tog aanspraak sal wil maak op die boodskap wat Jesus vanaf Sy sending op aarde geplant het.

### Ons word dan geroep om Jesus se opdragte uit te voer of beter gestel uit te lewe AS ons wil aanspraak maak op Christenskap.

Ons kan dan nie maak wat ons wil nie. Ons moet Jesus en Sy Gees en gesindheid aantrek soos `n kleed omrede net dit ons in staat sal kan stel om die goddellike vrugte van die Gees te DRA. Ons woorde en hoedanig ons dan die boodskap van Jesus bring, veral in die openbaar, sal dan `n weerspieëling wees van die Christusgesindheid! Ons sal dan nie onsself verhef en onsself buite verhouding verhoog, dit is in verhouding tot ons medemens, nie.

Ons sal inderdaad in nederigheid van gees voor God wandel soos wat Henog dan seker sou gewandel het met God.  En dit bring ons weereens uit by die liefde wat ALLES VERDRA en wat dan nooit opgeblase is nie (hoogmoedig, vol eiewaan en egoisme).

### Die oplossing?

Om die Woord te bring en veral die Kruisboodskap.   Omrede Paulus onder die twistende Korinthiërs beland het, het hy baie sterk gestaan op die verlossingsboodskap wat net deur die Kruis gaan. Hy wou  dan inderdaad NIKS anders onder hulle gehoor het, as Jesus die gekruisigde nie!

Ester Blomerus